Resensie: Ahmed Timol

22/03/2005 09:06 - (SA)

Die naam Ahmed Timol is nog altyd met respek en eerbied aangehoor by byna elke politieke gedenkdiens sedert sy dood. Ek herinner my selfs die skerp, deurdringende klanke van 'n sagte fluitspel by een van dié gedenkdienste. Timol het toe die wreedheid van die apartheidstaat by 'n ieder en 'n elk tuisgebring. Dié staat was toe in volle glorie besig om sy magswellus te ontplooi. Die suiweringsproses van apartheid was voltooi, die weerstand van die ANC en ander organisasies die nek ingeslaan, en nou was dit die veiligheidswetgewing en die veiligheidspolisie wat die stelsel instand moes hou. Die weerstand deur mense soos Ahmed Timol is gewoon nie geduld nie. Hy en andere het te vierkantig in die weg van die regering se meesterplan gestaan.

Met Timol - A Quest for Justice, bring Imtiaz Cajee ons die verhaal van Ahmed Timol, wie en wat hy was. Hy vra, deur die boek, indien nie spesifieke vergelding nie, dan ten minste iets van 'n regstelling vir die onreg wat sy oom aangedoen is. Die ANC het in 1971 ten tye van die dood amptelik onderneem om die moord te wreek en vandag, sê Cajee, bly daardie woord hom steeds by, ten spyte van al die kleurvolle gepraat van versoening. Die skrywer was maar vyf jaar oud toe sy oom, Ahmed, gesterf het en wil deur die boek Ahmed Timol terugeis, terugbring in die nuwe Suid-Afrika. Tog, alhoewel hy so na aan Timol staan, en ten spyte van die hoogs emosionele grepe waarheen hy ons neem, slaag hy duidelik daarin om die leser meer te laat verstaan wie Timol eintlik was.
'n Menseregte aktivis sonder weerga, toegewyd en doelgerig, ondergronds. President Mbeki skryf in die voorwoord dat hy en Timol letterlik kamerade was, oortuig in die stryd teen ongeregtigheid. Ons het saam ons politieke onderrig in Moskou ondergaan in die sestigs, sê Mbeki, dieselfde dosente by dieselfde instelling, dieselfde kos geëet, saam gebibber in daardie koue plek en ons saam laat verwarm deur ons revolusionêre strewes. En dan praat die president van Ahmed Timol die Afrikaan, en sy geboortereg op Suid-Afrika. Hy borduur dan voort op die rol van die Indiër gemeenskap as deel van die Afrika realiteite. Die ideaal van Timol en ook van hom vir 'n nie-rassige Suid-Afrika kry beslag in 'n aanhaling van Wes-Indiese eerste minister Eric Williams:
"There can be no Mother India for those whose ancestors come from India. There can be no Mother Africa for those of African origin. There can be no Mother England and no dual loyalties. There can be no Mother China even if one could agree as to which China is the mother; ... A nation, like an individual, can have only one mother and Mother cannot discriminate between her children."

Die geregtelike ondersoek het bevind dat Ahmed Timol selfmoord gepleeg het. Moord was absurd, bevind landdros de Villiers, want Timol was 'n te waardevolle vonds vir die veiligheidspolisie. Dat hy uit die venster geval het, was net so absurd en die enigste afleiding is dat hy self uit die venster gespring het.
Nee, sê Salim Essop, een van die aangehoudenes met Timol destyds, die marteling op Ahmed was so erg dat hy verskeie kere inmekaargesak het, en op 'n bepaalde punt gesterf het. Eers toe Ahmed dood was, het die polisie se paniek begin. Mohamed Khan, begrafnisondernemer is deur die polisie na die Hillbrow lykshuis geneem toe Timol se liggaam nog vars was. Timol se een oog was uit sy kas, sy liggaam vol blou merke, sy naels verwyder en hy had brandmerke oral oor sy liggaam.

Die boek bevat ook die bekende gedig van Chris van Wyk oor aanhouding sonder verhoor. Van Wyk bespot die veiligheidspolisie en hulle verduidelikings: - hy't geval van die 9e vloer - homself gehang - op 'n stukkie seep gegly terwyl hy gewas het, was hulle weergawe; maar, vra Chris van Wyk, het hy nie dalk homself gehang terwyl hy gewas het nie; of van die 9e vloer gegly nie; of gehang van die 9e vloer; of gegly van die 9e vloer terwyl hy gewas het nie.

Wat het werklik gebeur? vra Cajee. Die Waarheid en Versoeningskommissie se kommissarisse Boraine en Meiring was aanvanklik vol waardering vir veral die moed van mevrou Timol om haar verhaal te kom vertel. Maar die belofte en verwagting van 'n ondersoek het leeg gebly. Die WVK was vir die familie Timol 'n grootskaalse teleurstelling, skryf Cajee. Tot tyd en wyl dat daar nie opgetree word teen drie van die beweerde oortreders nie, en hulle rustig met hulle lewens kan aangaan, sal die veel gevraagde "closure" nie kan geskied vir die familie nie.

Tien jaar na die demokrasie van die nuwe Suid-Afrika, en meer as dertig jaar na die dood van Ahmed Timol kom hierdie boek nie 'n dag te laat nie. Dit maak nie net 'n venster oop op waar Suid-Afrika vandaan kom nie, dit toon presies aan waar ons vandag staan. Timol - A Quest for Justice, is nie net van waarde vir regstudente nie. Hulle dosente sal hopelik die waarde kan inskat. Die Suid-Afrikaanse amnesia of doelbewuste verdowing is steeds baie sterk. Dit lyk ons samelewing wil nie van hierdie wreedhede hoor nie; vergeet of verdoof is soveel makliker. Miskien kan die boek 'n beskeie bydrae maak om ons hierin by te staan.